



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrief@framesby.co.za

Uitgawe 57: 21 Augustus 2015

"THE SKY IS THE LIMIT!"

Bob Dylan het in die sestigerjare gesing oor "*The times they are a'changing*" waar hy die ouer geslag waarsku dat dinge aan die verander is, en dat hierdie verandering besig is om hulle te oorspoel soos vloedwater wat stadig styg. Opwindende tye het gevolg waarin die jeug meer en meer die ou orde bevraagteken het en losgebreek het uit die aanvaarde norme. Nie alles noodwendig ten goede nie, maar uiters opwindend en bevrydend, want hieruit is 'n geslag gebore wat opnuut sou ontdek, inoveer en uit die "boks" dink, en geniale entrepreneurs soos 'n Steve Jobs en Bill Gates so oplewer. Binne 'n relatief kort tydjie is die wêreld op sy kop gekeer en het tegnologiese vooruitgang die wêreld tot 'n "global village" omvorm, en het ons manier van kommunikeer totaal verander.

Hierdie uitdagende en ondersoekende gees van die jeug was egter die grootste slagoffer van hierdie tegnologiese ontploffing, deurdat hierdie ondersoekende gees bloot verander het in 'n ingesteldheid van egosentriese bevraagtekening, met 'n gepaardgaande ontkenning van die aanvaarding van verantwoordelikheid.

Alhoewel dit bietjie kras mag klink, doen ons jeug vandag min om die teendeel te bewys. Ongelooflik min ambisie is waarneembaar en 'n dors na kennis is vir baie min 'n dryfveer. Die hartseerste is dat 'n groot getal jongmense glad nie hul potensiaal raaksien en probeer ontgin nie.

By Framesby staan ons dikwels verstom oor die ongelooflike talent wat in ons leerders opgesluit lê. Soveel wonderlike talente wat net wag om oopgebreek te word, maar soveel "blindheid" om dit self raak te sien en te glo. Middelmatigheid het oënskynlik die veilige norm geword, maar intussen hou die wêreld asem op om JOU in aksie te sien.

Klim uit jou kassie en raak wild! Jy het ongelooflike potensiaal. Jy kan 'n baie beter jy wees! **THE SKY IS THE LIMIT!**

TONEELGROEPE OP DIE LANG PAD

Ons twee toneelgroepe is tans baie besig. Soos vroeër berig het ons onlangs met *Graffiti: Hoe lyk jou Muur?* aan die Loganfees op Fraserburg deelgeneem en baie goed daar gevaar. Hierdie groep, onder leiding van Mev. Mariska Basson, vertrek volgende week na Kaapstad om die stuk by die ATKV-Tienertoneelfees op die planke te bring.

Intussen het die ander groep met *Hoezit my Ou!* reeds na Kaapstad vertrek om ook daar aan die ATKV-Tienertoneelfees deel te neem. Hierdie groep staan onder leiding van Mev. Chrismarié Potgieter.

Baie sterkte aan beide hierdie groepe. Die kompetisie is besonder sterk met 'n groot groep skole wat meeding. Mag dit 'n wonderlike ervaring wees, en laat die Kaap weer terdeë kennis neem van die Baaise fenomeen **Framesby!**

INTERSKOLE

Groot Brag

19:00 – Skoolsaal

Ouers welkom!

Klubhuis oop

vanaf 17:00

Hamburgers en Chips

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag 22

Rico Theron 11C
Tiaan van Tonder 11A

Sondag 23

Amber Neil 10G
Chané Petzer 10F
Bennie Snyman 12D

Maandag 24

Tiaan Bason 10A

Dinsdag 25

Chanté Botha 11C
Zhennay Oosthuizen 10A
Tiaan Stander 10D
Bianca Viljoen 12G

Woensdag 26

Motaemane (Doepie) Nhlapo
11B

Donderdag 27

Joshua Günter 11D
Lionel Jacobs 10D
Jurgens Steyn 12B
Tiaan Strydom 12E
Verushke van der Watt 12F
Tertius van Eeden 10C

Vrydag 28

Wihan van der Merwe 11E
Franco van Jaarsveld 9B

PRESTASIES, UITSLAE EN NUUS

MUURBAL FLUKS AAN DIE GANG

Dis alom bekend dat Framesby fenomenaal presteer in muurbal, en verlede week het ons muurbalspanne oor die algemeen hierdie reputasie gestand gedoen. Ons is ongelooflik trots op ons muurbalspelers en rapporteer graag hul uitslae:

Ons 1A-span het het 12 – 1 teen Muir College gewen, terwyl die 1B-span ongelukkig met 0 – 12 teen 'n Ontwikkelingspan vasgeval het. Die 2A-span se wedstryd teen Pearson is deur hulle uitgestel, en die 2B-span het met 7 – 8 teen Alexander Road verloor. Ons 3A-span het Westering met 15 – 0 verslaan en die 3B-span het Muir 15 – 1 oorrampel. Die spanne in die 4de en 5de liga se wedstryde het ongelukkig nie plaasgevind nie. Baie geluk met die pragtige prestasies!

Die muurbalkampioenskappe is tans aan die gang en ons behoort binnekort hieroor verslag te kan doen. Intussen het die Interhuis-kompetisie ook plaasgevind en die Visse het hier die Kritte ore aangesit. Mooi so Visse!

HOKKIESPANNE WOEL BY LINKSIDE-FEES

Verlede naweek was 'n paar van ons hokkiespanne in aksie by die Linkside Hokkiefees en hulle het oor die algemeen baie goed gevaar. Te oordeel an hul vertonings kan ons GROOT dinge hierdie naweek op die hokkieveld teen Nico Malan verwag!

Die Onder 16-dogters het twee wedstryde gespeel. Hulle het met 0-0 teen St. Dominics gelykop gespeel, maar uitstekend gevaar teen Victoria Girls deur met 2 – 1 te wen. Ons tweede dogterspan moes teen die ander skole se eerstespanne speel. Hulle het ongelukkig teen St. Dominics (0-1) en teen Victoria Girls (0-2) vasgeval, maar die bordjies pragtig verhang teen Paterson en met 2-1 gewen. Mooi so *girls*!

Ons seuns was ook in aksie en die O/16-span Nico Malan met 2-0 verslaan. Hulle moes egter Sanctor se eerstespan speel en het daardie wedstryd ongelukkig 1-2 verloor. Ons eerste seunspan moes met 1-2 die knie teen St. Dominics buig, maar het pragtig reggemaak en Paterson met 'n pragtige telling van 3-0 verslaan. Baie goed manne. Hoop julle wys Nico Malan hierdie naweek waar Dawid die wortels gegrawe het!

Ons Hokkiespelers in aksie verlede naweek



INTERSKOLE 2015!

Dis Interskole-naweek! Die kompetisie het reeds gister met die Gholf afgeskop en vandag word daar in Tennis, Skaak, Debat, Vasvra en Landloop meegeding. Vanaand is dit die GROOT BRAG en môre ruk ons in groot getalle op na Humansdorp.

In baie dorpe en stede in Suid-Afrika is die jaarlikse interskole tussen twee skole die hoogtepunt van die jaar, en die dorp is dikwels in twee geskeur in daardie tyd. Dink maar aan die interskole tussen Paarl Gimnasium en Boishaii, of Union High en Volksskool op Graaff-Reinet. Oud-leerlinge ruk in hul hordes op om weer die gevoel te ervaar en die tradisie bruis weer woes deur die are!

In hierdie opsig is het ons by Framesby vir jare uitgemis. In die 1980's is 'n interskole met Andrew Rabie begin, en het die geleentheid baie belofte ingehou met uiters strawwe kompetisie op alle vlakke. Soos Rabie se getalle egter begin taan het, het die interskole sy woema verloor en het dit 'n ongelukkige dood gesterf. Vir 'n paar jaar is daar toe gepoog om 'n verbintenis met Brandwag op te bou, maar ook dit het nooit heeltemal die nodige statuut verwerf nie. Nadat 'n groep oud-leerders hul invloed by Eerste Nasionale Bank laat geld het, het ons deel geraak van die FNB Classic Clashes en het ons Nico malan genader om saam met ons hieraan deel te neem, en is daar besluit om hierdie bepaling dan ons interskole te maak. Alhoewel die twee skole nie in dieselfde stad geleë is nie, is die mededinging tussen ons besonder intens en het geen skool nog met die dag weggehardloop nie. Saam bou ons aan 'n tradisie wat hopelik nog lank in die toekoms sal bly voortbestaan!

Met die wedstryde wat vanjaar op Humansdorp plaasvind is die uitdaging net soveel groter om regtig 'n groot *statement* daar te gaan maak. Verlede jaar het 6 van die 8 rugbywedstryde gewen, met die eerstespan wat oortuigend geseëvier het. Kom ons maak dit vanjaar 8 uit 8! Op die hokkieveld was sake baie gelykop, met die eerstespanne wat ook gelykop gespeel het. Kom ons gaan verras hulle vanjaar! Die seunshokkiespan gaan Saterdag hard werk die bordjies te verhang. Op die netbalbaan het ons 6 uit 12 wedstryde gewen terwyl die eerstespan gelykop gespeel het. Kom ons wys hulle vanjaar wie's baas! Nico het geen antwoord op die tennisbaan gehad nie, en sal beslis vanjaar weer baie swaar trek. Hulle het ook geen antwoord gehad op ons skaakvenuf nie, en Framesby se slimkoppe het baie flinker as hulle gedink in die vasvra! Net op die Gholfbaan was hulle te sterk vir ons, maar ons glo ons manne gaan hulle vanjaar verras.

Kom ons ruk op en maak die pawiljoen vol. Ondersteun ons spanne met oorgawe en bewys... **FRAMESBY BO!**

NETBAL

TYD	BAAN 1	BAAN 2	BAAN 3	BAAN 4
08:30	O/18 B	O/14 B	O/18 D	O/14 D
09:10	O/14 A	O/16 B	O/16 C	O/14 C
09:50	O/16 A		O/18 C	
10:45	O/18 A			

HOKKIE

TYD	A-VELD	B-VELD	C-VELD
08:30	O/16 Seuns	O/16 A	O/16 C
09:30	1ste Seuns	O/16 B	O/19 C
10:30	2de Dogters	O/14 A	O/14 B
11:30	1ste Dogters		

RUGBY

TYD	A-VELD	B-VELD
08:30	O/14 A	O/15 B
09:30	O/15 A	O/14 B
10:30	O/16 A	3de
11:40	2de	
12:45	Danse Flashes Voorstellingseremonie	
14:00	1ste	



IETSIE VIR DIE SIEL

BO-AAN DIE LYS

WAARVOOR het Jesus gekom? Die Evangelie van Matteus sê dit duidelik: "Jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos." (Matt. 1:21.) Aan die basis van al ons probleme in die wêreld lê die sonde. Of dit nou om ons persoonlike lewe gaan, of om ons lewe as gemeenskap en as mensheid: dit is die sonde wat alles vertroebel en die oorsaak is van alle kwaad. As Jesus werklik ons Verlosser moet wees, moet Hy ons van ons sonde verlos. Dit is tekenend van ons gebrek aan begrip van die aard van ons nood dat ons altyd weer dink dat daar dinge is wat belangriker en dringender is as die verlossing van ons sonde. Die ellende en druk van ons lewe, die bande wat ons op allerlei terreine bind, die armoede en die honger, die liggaamlike en geestelike pyn, die toestand van onreg in die wêreld - daarvan wil ons dringend bevry word. Maar by die wortel van al ons probleme gaan ons dikwels argeloos verby. Daarin is ons nie verskillend van die mense wat in die tyd van Jesus geleef het nie. Ook hulle het 'n hele lys van dinge gehad waarvan hulle bevry wou word. As die Romeine maar uit die land weggejaag kon word; as die belastingdruk maar verlig kon word; as die melaatsheid en die ander kwale maar genees kon word - dán sal alles soveel beter wees; dán sal daar tyd genoeg wees om aan die minder belangrike dinge soos die sonde aandag te gee! Uit die optrede van Jesus blyk dat Hy nie ongevoelig was vir die nood en ellende van die mense nie. Wie was meer met deernis teenoor die skare vervul wat weerloos en soos skape sonder 'n herder was? Wie het beter as Hy geweet van die pyn en ellende van siekte en dood waaronder mense kan versink? Wie het meer getoorn oor die onreg wat mense mekaar kan aandoen, en oor die ombarmhartigheid van die rykes en die magtiges? Niemand kan Jesus daarvan verdink dat Hy nie die ellende van ons lewe raakgesien het en die bevryding daarvan as die wil van God met woord en daad verkondig het nie. Maar dit het nie beteken dat Jesus die volgorde omgekeer het en die verwydering van die ellende hoofsaak gemaak het en die verlossing van die sonde na die tweede plek verskuif het nie. Nie net in die aankondiging van die engel aan Maria nie, maar ook in Jesus se eie verklaring van waarom Hy gekom het, staan die verlossing van die sonde voorop (Lk. 19:10). Soos die ou Nagmaalsformulier dit uitgedruk het: "Jesus het gekom om "die oorsaak van ons ewige honger en kommer", dit is die sonde, van ons weg te neem. Daarom was Jesus 'n aanstoot na alle kante toe. Vir die mense van die gevestigde orde was Hy te revolusionêr, omdat Hy hul sonde ontbloot en hulle tot bekering geroep het. En vir die revolusionêre was Hy te slap, omdat sy volgorde verkeerd was. Want vir Jesus was die verlossing van sonde bo-aan die lys. En niemand wil graag 'n sondaar wees nie.

Uit *Die Burger* 12 Desember 1987

BOME WORD AAN HUL VRUGTE GEKEN

Al ooit gehoor iemand sê: "Dis nie regtig hoe ek is nie!" ...of... "Ek weet nie hoekom ek my so gedra het nie!"

Daar is baie berigte van mense wat, nadat hulle van een of ander misdaad of misstap beskuldig word, wil voordoën dat hulle nie normaalweg so sou optree nie. Dit kan wissel van ernstige misdrywe tot dit wat as onskuldige pret tydens 'n partytjie kon gebeur het.

Ek lees onlangs 'n oulike berig waar die skrywer staaltjies van die bekende Trevor Noah aanhaal. Dit is om mense te laat lag, maar hulle lag omdat hulle hulself in die staaltjies herken. As voorbeeld haal ek een van die staaltjies aan. Hy vertel van die meisie wat na 'n gefuif een naweeksaand in 'n kroeg haar wil veronskuldig deur te vertel dat dit nie werklik is soos wat sy normaalweg sou optree nie en dat dit die drank moes wees wat daartoe gelei het. Die gehoor skater van die lag as hy verder sê: Nee, JY is so! Dit is JY. Moenie die drank die skuld gee nie!!

JY MOET DUS ALTYD JOU OPTREDE REGVERDIG. JY GAAN FOUTE MAAK WAARVOOR JY PA SAL MOET STAAN, MAAR OMRING JOU EERDER MET DIE GOEIE. DIT SLUIT IN DIE PLEKKE WAAR JY UITHANG, ASOOK DIE VRIENDE SAAM MET WIE JY KUIER!!



Hoërskool Framesby het hande gevat met Samba en kan Samba-lede nou ook hul skoolgelde van Hoërskool Framesby met hul Sambakaart betaal en **kontant terug ontvang daarop aan die einde van November elke jaar.**

Behalwe vir die **afslag van 2.5% op u skoolfooi**, kan u u Sambakaart gebruik as betaalmethode vir al u maandelikse aankope en ontvang u **kontant terug van tussen 2% en 6% op al u aankope** (brandstof uitgesluit) by enige winkel met wie Samba 'n ooreenkoms het.

Met die volgende algemene nuusbrieff sal meer inligting verskaf word. Vir enige navrae kan u gerus **041 363 2727** skakel